**VRAAG** **100 punte**

Mofasa Service Station (Edms) Bpk ('Mofasa') bedryf 'n suksesvolle brandstofvulstasie, motorherstelwerkswinkel en tweedehandse motorhandelaarskap vanaf 'n perseel op die N6-roete aan die buitewyke van Aliwal-Noord. Mofasa is in 2002 deur drie vriende, wat ook die drie aandeelhouers en direkteure van die maatskappy is, gestig. Hulle rolle in die onderneming is soos volg:

| **Naam** | **Rol** | **Getal personeel in departement** | **Aandeel-houding** |
|---|---|---|---|
| Mnr Mo Pillay | Bestuurder van tweedehandse motorhandelaarskap | 9 | 40% |
| Mnr Fani Lebelo | Bestuurder van herstelwerkswinkel | 10 | 30% |
| Mnr Sarel du Plooy | Bestuurder van brandstofvulstasie | 37 | 30% |

Sarel se vrou, me Lana du Plooy GR(SA), is die finansiële bestuurder van die maatskappy, en word deur 'n boekhouer, mnr Scara Mokoena, bygestaan.

Mofasa koop en verkoop brandstof as 'n franchise-onderneming vir Pride Oil, 'n groot brandstofhandelaar in Suider-Afrika. Die franchise-ooreenkoms bevat baie vereistes en beperk die produkte wat Mofasa mag verkoop. Pride Oil verskaf al die brandstofpompstelsels en ingevolge die franchise-ooreenkoms mag Mofasa slegs voorraad (brandstof en verwante produkte) vanaf Pride Oil aankoop. Pride Oil besit die grond en geboue wat deur Mofasa beset word. Mofasa het in 2002 'n vyfjaar-huurooreenkoms met Pride Oil aangegaan, wat elke vyf jaar outomaties hernubaar is.

Die herstelwerkswinkel en tweedehandse motorhandelaarskap maak nie tans deel uit van die Pride Oil-franchise nie, maar die franchise-ooreenkoms skryf voor hoe verwante sake-ondernemings se handelsmerke moet lyk sodat dit nie op die werksaamhede van die brandstofvulstasie inbreuk maak nie.

Die onderstaande dokumente is beskikbaar:

| **Beskrywing** | **Verwysing** |
|---|---|
| Agtergrond en begrip van die entiteit | WP 102-1 (vyf bladsye) |
| Voorstel aan Mofasa se direksie | Bylaag 1 (twee bladsye) |
| Belastinginligting | TWP 603-1 (een bladsy) |


© SAIGR 2020

| **Kliënt:** Mofasa Service Station (Edms) Bpk | **Jaareinde:** 31 Desember 2019 | **WP 102-1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** Junior Rifaki | **Datum:** 16 Januarie 2020 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | **Bladsy 1/5** |
| **Onderwerp:** Agtergrond en begrip van die entiteit | | |

**1 Agtergrond**

Mofasa is ŉ suksesvolle onderneming en is sedert die inkorporasie daarvan ŉ kliënt van Timon & Kie Geïnk. ('TKG'), ŉ firma wat oudit-, advies- en belastingdienste verskaf. Mnr Tim Timon, TKG se senior vennoot, was nog altyd betrokke by Mofasa, eers as die vennoot verantwoordelik vir die oudit en later as sake- en belastingadviseur. Mnr Jimmy Timon, Tim se seun, is sedert 2014 die vennoot verantwoordelik vir die oudit.

Ingevolge die franchise-ooreenkoms met Pride Oil word ŉ volle statutêre oudit vereis en finansiële state moet in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRSs) voorberei word. Die maatskappy se huidige jaareinde is 31 Desember 2019 (FJ2019).

Mo is twee maande gelede met Zenzi getroud. Zenzi het onlangs as ŉ GR(SA) gekwalifiseer en het haar opleidingskontrak in September 2019 by TKG voltooi. Hulle het mekaar ontmoet toe Zenzi beheermaatreëltoetse by die tweedehandse motorhandelaarskap uitgevoer het. Zenzi, wat nou haar eie konsultasiepraktyk besit, bevraagteken gereeld Lana en haar span se tegniese IFRS-vaardighede en sy het trouens beskuldigings van finansiële wanbestuur gemaak. Alhoewel dit nie bewys is nie, het die aantygings druk op die verhouding tussen die drie direkteure geplaas en veroorsaak dat hulle nie meer op die bestuur van hul departemente fokus nie.

Zenzi het ook sekere tekortkominge in die interne beheermaatreëls, nie-voldoening aan gesondheid- en veiligheidsregulasies en korporatiewe beheerkwessies uitgelig, wat sy tydens die oudit wat sy in 2018 uitgevoer het, geïdentifiseer het. Na haar mening het Jimmy nie op daardie tydstip behoorlik daarop reageer nie. Sy het ook gevoel dat sommige van die belasting-beplanningsgeleenthede wat Tim voorgestel het, en wat die maatskappy geïmplementeer het, te riskant is. Sy het voorgestel dat die maatskappy haar as ŉ konsultant aanstel om hierdie kwessies aan te spreek en ook om die maatskappy se 2019 finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRSs op te stel.

| **Kliënt:** Mofasa Service Station (Edms) Bpk | **Jaareinde:** 31 Desember 2019 | **WP 102-1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** Junior Rifaki | **Datum:** 16 Januarie 2020 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | **Bladsy 2/5** |
| **Onderwerp:** Agtergrond en begrip van die entiteit | | |

**2 Rekeningkundige rekords**

Lana hou die maatskappy se finansiële rekords by deur van ŉ basiese gebruiksgerede (Eng.: 'off-the-shelf') rekeningkundige pakket, bekend as Savanna Accounting, gebruik te maak. TKG het Savanna Accounting as ŉ geskikte pakket vir gebruik deur ŉ maatskappy van Mofasa se grootte voorgestel, maar TKG was nie by die implementering van die sagteware betrokke nie.

Savanna Accounting beskik oor modules wat by die basiese algemene grootboek-module gevoeg kan word. Lana het die volgende vier modules geïnstalleer:

- Kasboek en geoutomatiseerde bankrekonsiliasiemodule;
- Voorraadbeheermodule (word slegs vir die onderdele in die herstelwerkswinkel gebruik);
- Fakturering van verkope- en debiteuremodule; en
- Krediteuremodule.

Die vastebateregister en voorraadrekords van die tweedehandse motors word op Excel-sigblaaie bygehou. Inskrywings vanuit hierdie rekords word maandeliks gejoernaliseer sodra Lana 'n gedetailleerde nasiening van die inligting en rekonsiliasies onderneem het.

Daarbenewens word verkope by die brandstofpompe outomaties op die stelsel wat deur Pride Oil bygehou word, aangeteken. Alle brandstofverkope word aangeteken sodra ŉ pomp afgeskakel word, dus sodra ŉ voertuig tot die vereiste vlak gevul is. Meer as 50% van die brandstofverkope word in kontant vereffen. Die verkope volgens die pompstelsel word elke nag om middernag opgesom en by wyse van ŉ daaglikse joernaalinskrywing in Savanna Accounting deur Scara aangeteken.

Die volume brandstofvoorraad word elke dag om 6 vm en 6 nm gemeet. Hierdie lesings word op die pompstelsel wat deur Pride Oil bygehou word, aangeteken, en enige afwykings word ondersoek. Dit is die bedryfsnorm dat verspillings en verdamping verliese van 0,25% per liter gepomp veroorsaak. Lana het haar kommer uitgespreek daaroor dat verliese van voorraad en kontanttekorte gedurende die afgelope jaar beduidend toegeneem het en tans 0,7% per liter gepomp beloop.

Die Savanna rekeningkundige pakket is nie ŉ gesofistikeerde stelsel nie en Lana maak op die ouditeure staat om te verseker dat haar finansiële state aan IFRSs voldoen. Die ouditeure verskaf ŉ templaat vir finansiële state wat aan IFRSs voldoen aan haar, wat sy dan gebruik om die maatskappy se finansiële state te voltooi (Eng.: 'populate'). Hierdie state word dan in detail deur die ouditeure nagesien.


© SAIGR 2020

**3 Uittreksel uit bestuurstate**

Die onderstaande departementele inkomstestate vir FJ2019 is deur Lana voorberei:

| **Inkomstestate vir die jaar geëindig 31 Desember** | | | | | | **2019** | **2018** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | **Onge-ouditeer** | **Ge-ouditeer** |
| | **Aant.** | **Motor-verkope** | **Brand-stof-verkope** | **Herstel-werks-winkel** | **Admi-nistrasie** | **Werklik** | **Werklik** |
| | | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| Omset | 3.1 | 86 860 | 170 604 | 13 849 | – | 271 313 | 257 223 |
| | | | | | | | |
| Koste van verkope | | 81 243 | 154 626 | 9 688 | – | 245 557 | 229 519 |
| Arbeid | | 1 854 | 2 916 | 2 820 | – | 7 590 | 6 827 |
| Kommissie | | 1 823 | – | 124 | – | 1 947 | 1 777 |
| Onderdele | | – | – | 6 023 | – | 6 023 | 5 232 |
| Voertuie | | 74 888 | – | – | – | 74 888 | 65 999 |
| Brandstof | | 286 | 151 635 | 424 | – | 152 345 | 147 263 |
| Diens van motors | 3.2 | 2 329 | – | – | – | 2 329 | 2 022 |
| Ander koste | | 63 | 75 | 297 | – | 435 | 399 |
| Bruto wins | | 5 617 | 15 978 | 4 161 | – | 25 756 | 27 704 |
| Bruto wins-persentasie | | 6,5% | 9,4% | 30,0% | – | 9,5% | 10,8% |
| Bokoste | | 4 252 | 1 865 | 2 565 | 1 999 | 10 681 | 9 943 |
| Huurbetalings vir eiendom | 3.3 | 2 423 | 622 | 957 | 202 | 4 204 | 3 920 |
| Salarisse van administrasie-personeel | | – | – | – | 1 320 | 1 320 | 952 |
| Direkteursvergoeding | 3.4 | 952 | 952 | 952 | – | 2 856 | 2 700 |
| Munisipale heffings | 3.5 | 712 | 204 | 613 | 65 | 1 594 | 1 122 |
| Ander koste | | 165 | 87 | 43 | 412 | 707 | 1 249 |
| VVRBWA (Eng.: 'EBITDA') | | 1 365 | 14 113 | 1 596 | (1 999) | 15 075 | 17 761 |
| Waardevermindering | | (101) | (237) | (214) | (149) | (701) | (749) |
| Rente-uitgawe | 3.6 | (963) | (271) | (122) | – | (1 356) | (1 229) |
| Rente-inkomste | 3.7 | – | – | – | 310 | 310 | 200 |
| Netto wins | | 301 | 13 605 | 1 260 | (1 838) | 13 328 | 15 983 |
| | | | | | | | |


© SAIGR 2020

***Aantekeninge***

3.1 Omsethoeveelhede

| | **Begroot FJ2020** | **Werklik FJ2019** | **Werklik FJ2018** |
|---|---|---|---|
| Getal gebruikte motors verkoop | 270 | 297 | 310 |
| Liter brandstof verkoop | 11 050 000 | 10 689 000 | 10 393 000 |
| Getal voertuie gediens | 850 | 943 | 1 722 |

3.2 Voordat ŉ voertuig verkoop word, word dit na die herstelwerkswinkel gestuur vir ŉ volledige diens. Die herstelwerkswinkel hef hierdie koste teen die tweedehandse motorhandelaarskap op dieselfde grondslag as wat herstelwerk aan eksterne kliënte gefaktureer word. Die koste vir die diens word by die koste van die voertuig gekapitaliseer. Daar was op 31 Desember 2019 14 tweedehandse motors in voorraad wat alreeds gediens was en wat gereed was om verkoop te word.

3.3 Huurbetalings word toegedeel aan die departemente gebaseer op besette vloeroppervlakte ($m^2$). Die tweedehandse motorhandelaarskap gebruik ŉ groot oop area wat met ŉ staaldak bedek is.

3.4 Die direkteure kom jaarliks ooreen oor hul vergoeding vir die jaar. Dit word toegedeel aan die departement waarvoor elkeen verantwoordelik is.

3.5 Die toedeling van die munisipale heffings word op besette vloeroppervlakte gebaseer, met die uitsondering van water wat deur die motorwassery gebruik word, wat aan die herstelwerkswinkel toegewys word.

3.6 Die maatskappy het termynleningooreenkomste aangegaan om die voertuigvoorraad te finansier. Rente word teen 9,25% per jaar (jaarliks saamgestel) gehef. Departemente het afbetalingsverkoopooreenkomste vir toerusting aangegaan en die rente op hierdie ooreenkomste word aan elke betrokke departement toegedeel.

3.7 Surpluskontant word in geldmarkrekeninge gedeponeer en rente verdien word aan die administrasiedepartement toegewys.

**4 Bestuursverslae en korporatiewe beheer**

Lana berei maandelikse departementele inkomstestate (tot op brutowinsvlak) voor wat in detail deur die direkteure nagesien word en by maandelikse direksievergaderings bespreek word.

Enige beduidende nuwe projekte, kapitaalbesteding en voldoening aan die franchise-ooreenkoms met Pride Oil word by die maandelikse direksievergadering bespreek. Die direksie het besluit om die toepassing van King IV voorlopig uit te stel op grond van die grootte van die onderneming en die feit dat al die aandeelhouers ook direkteure is.


© SAIGR 2020

| **Kliënt:** Mofasa Service Station (Edms) Bpk | **Jaareinde:** 31 Desember 2019 | **WP 102-1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** Junior Rifaki | **Datum:** 16 Januarie 2020 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | **Bladsy 5/5** |
| **Onderwerp:** Agtergrond en begrip van die entiteit | | |

**5 Tweedehandse motorhandelaarskap**

Mo en sy verkoopspersoneel koop en verkoop tweedehandse motorvoertuie. Mofasa koop voertuie by ander handelaars, as inruilings of vir kontant. Hierdie voertuie word dan op die onderstaande voorwaardes aan klante verkoop:

- Volle betaling (óf deur die kliënt óf deur die bank wat die transaksie finansier) moet by aflewering plaasvind. Mofasa finansier nie enige verkope self nie.
- Alhoewel die voertuie 'voetstoots' verkoop word, sal die herstelwerkswinkel herstelwerk onderneem indien ŉ kliënt binne die eerste maand na die verkooptransaksie ŉ probleem identifiseer. Aansienlike herstelkoste is slegs in twee gevalle gedurende die afgelope vyf jaar aangegaan.
- Voertuie word ten volle gediens verkoop.
- Elke voertuig word met ŉ vol tenk brandstof verkoop – die koste om die voertuig se brandstoftenk te vul, word as koste van verkope (van die tweedehandse motorhandelaarskap) verantwoord wanneer dit aangegaan word.

**6 Voorstel vir herstrukturering**

Weens die meningsverskille tussen Lana en Zenzi het Fani en Sarel samesprekings begin voer om moontlik Mo se aandeelhouding in Mofasa te koop. Die tweedehandse motorhandelaarskap vaar tans nie baie goed nie en Pride Oil het aangedui dat dit die maatskappy sal bystaan deur ŉ geriefswinkel (Eng.: 'convenience store') in die area wat tans deur die tweedehandse motorhandelaarskap beset word, te bou. Dit is egter noodsaaklik dat minstens twee-derdes van die aandele in die hande van individue van voorheen benadeelde groepe (tans Fani en Mo) bly ten einde die Pride Oil-franchise te behou.

ŉ Voorstel in dié verband is op 18 Desember 2019 by die direksievergadering ter tafel gelê – kyk bylaag 1.

Mo het sy kommer oor die voorstel uitgespreek aangesien hy glad nie daarin belangstel om ŉ geriefswinkel te bestuur nie en hy ook voel dat die ander twee direkteure nie die kennis het om so ŉ onderneming te bestuur nie.


© SAIGR 2020

# BYLAAG 1

## VOORSTEL AAN DIE DIREKSIE
## VAN
## MOFASA SERVICE STATION (EDMS) BPK

## VOORBEREI DEUR LANA DU PLOOY
## GEBASEER OP INLIGTING ONTVANG VANAF PRIDE OIL

### 1 Agtergrond

Die maatskappy se netto winsmarges het oor die afgelope paar jaar begin om te verswak. Dit plaas druk op die dag-tot-dagbestuur van die onderneming. Aangesien die drie direkteure almal binne 10–12 jaar van nou af uittree-ouderdom sal bereik, moet ŉ langertermynplan vir die onderneming oorweeg word.

### 2 Voorgestelde herstrukturering: Sluiting van die tweedehandse motorhandelaarskap en oprigting van ŉ geriefswinkel

Die deel van die onderneming wat die minste tot winsgewendheid bydra, is die tweedehandse motorhandelaarskap. Gesprekke met Pride Oil het tot die onderstaande voorstel gelei, wat deur die direksie van Mofasa oorweeg moet word:

Die tweedehandse motorhandelaarskap sal gesluit word en Pride Oil sal ŉ nuwe gebou oprig wat as ŉ geriefswinkel, klein bakkery en koffiewinkel gebruik sal word, in die area wat tans deur die tweedehandse motorhandelaarskap beset word. Al die verskillende dele van die onderneming sal van daardie tydstip af deur ŉ franchise-ooreenkoms gereguleer word en streng voldoening sal vereis word, in die besonder wat die aandeelhouding deur aangewese groepe betref. Indien die ooreenkoms verbreek word, sal Pride Oil die reg hê om die franchise-ooreenkoms en die eiendoms-huurooreenkoms te beëindig.

Pride Oil het, gebaseer op hul ervaring met soortgelyke geriefswinkels, ŉ voorlopige beraming voorberei van wat die Mofasa-geriefswinkel se resultate vir FJ2019 sou gewees het, indien die winkel op 1 Januarie 2019 geopen het:

| **Beraming vir FJ2019** | **Aant.** | **R'000** |
|---|---|---|
| Bruto inkomste | | 156 228 |
| Koste van verkope | | (99 320) |
| Bruto wins | | 56 908 |
| Salarisse | a | (28 987) |
| Huur | b | ? |
| Munisipale heffings | c | ? |
| Franchise-fooi | d | (3 125) |
| Ander kostes | | (9 654) |

***Aantekeninge***

(a) Die beraamde afleggingskoste van personeel in diens van die bestaande tweedehandse motorhandelaarskap sou R1,1 miljoen beloop het. Dit is nie by die salariskoste ingesluit nie.

(b) Die aanvanklike huurbetalings vir sowel die nuwe as bestaande geboue sou op R6,5 miljoen per jaar, betaalbaar in 12 gelyke maandeliks betalings, vasgestel gewees het. Daar word nie verwag dat die grondslag waarop huurbetalings na die onderskeie departemente van Mofasa toegedeel word, sal verander nie.


© SAIGR 2020

(c) Munisipale heffings sou as gevolg van die nuwe geriefswinkel in FJ2019 met R900 000 toegeneem het.

(d) Aangesien die winkel ook die handelsmerk van ŉ welbekende kleinhandelaar sou hê, sou bykomende franchisegelde van 2% van die bruto inkomste van die geriefswinkel aan daardie kleinhandelaar betaalbaar gewees het.

**3 Langtermynhuurooreenkoms vir die geriefswinkel**

Indien Mofasa besluit om die voorgestelde herstrukturering te onderneem, sal die onderneming ŉ nuwe huurooreenkoms vir sowel die bestaande geboue as die nuwe gebou moet aangaan. Die bepalings en voorwaardes sal soos volg wees:

(i) Die huurtydperk sal na verwagting tien jaar vanaf 1 Desember 2020 wees.

(ii) Die maatskappy sal daarna ŉ opsie hê om die huur vir ŉ verdere vyfjaartydperk te hernu. Indien die opsie nie uitgeoefen word nie, sal ŉ enkelbedrag-huurbetaling van R11,2 miljoen aan die einde van die aanvanklike huurtermyn betaalbaar wees.

(iii) Die aanvanklike huurbetaling vir die eerste jaar van die kontrak sal op R7,5 miljoen per jaar vasgestel word, in 12 gelyke maandelikse betalings aan die begin van elke maand betaalbaar.

(iv) Daarna sal huurbetalings jaarliks op die herdenking van die kontrak met die verbruikersprysindeks (VPI) + 1% toeneem, maar met ŉ minimum verhoging van 6% en ŉ maksimum verhoging van 9%.

(v) Indien die inkomste van die geriefswinkel meer as R200 miljoen per jaar, jaarliks aangepas met die VPI, beloop, sal ŉ bykomende 1% van die bedrag waarmee die inkomste die drempel vir daardie jaar oorskry, jaarliks agterna betaalbaar wees.

(vi) Indien Mofasa kies om die huur te hernu, sal eienaarskap aan die einde van die huurtermyn in 2035 na Mofasa oorgedra word. Indien die huur nie hernu word nie, het Mofasa nie die reg om eienaarskap van die eiendom te bekom nie.

(vii) Die nutsduur van die geboue sal na verwagting 25 jaar wees met ŉ reswaarde van R3 miljoen.

(viii) Die volgende inkrementele leenkoerse word oorweeg, aangesien die rentekoers vervat in die huur nie maklik bepaal kan word nie:

| **Termyn** | **10 jaar** | **15 jaar** | **25 jaar** |
|---|---|---|---|
| Gesekureerde koers | 9,25% | 9,50% | 9,80% |
| Algemene ongesekureerde koers | 10,00% | 10,25% | 10,55% |


© SAIGR 2020

| **Kliënt:** Mofasa Service Station (Edms) Bpk | **Jaareinde:** 31 Desember 2019 | **TWP 603-1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** John Teximanni | **Datum:** 13 September 2019 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | **Bladsy 1** |
| **Onderwerp:** Belastinginligting | | |

Die onderstaande inligting het betrekking op die vergoeding en voordele ontvang deur Mo vir sy jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2019:

| | | R |
|---|---|---|
| ***1*** | ***Salaris*** | 556 933 |
| ***2*** | ***Gebruik van motorvoertuig***<br>Die direkteure word toegelaat om ’n voertuig uit die voorraad tweedehandse motors te gebruik op voorwaarde dat geen individuele voertuig vir langer as ses maande gebruik word nie. Dit sluit die gebruik van voertuie vir privaatdoeleindes in. Nie een van hierdie tydperke hieronder word vir belastingdoeleindes geag van ’n korttermyn-aard te wees nie. Alle kostes word deur die maatskappy betaal. Mo het die onderstaande twee voertuie gedurende die jaar gebruik: | |
| 2.1 | *1 Maart 2018 tot 31 Augustus 2018:* ’n 2017-model BMW X5 – verkry in Februarie 2018 as ’n inruiling ter waarde van R849 000 toe die kleinhandelmarkwaarde R910 000 was. Die voertuig is op 2 September 2018 vir R900 000 aan ’n kliënt verkoop. Die ritboek van hierdie voertuig het verlore geraak toe die voertuig verkoop is. | |
| 2.2 | *1 September 2018 tot 28 Februarie 2019:* 2018 Audi Q7 SUV – aangekoop op 20 Augustus 2018 op ’n veiling teen ’n kleinhandelmarkwaarde van R875 000. Mo het gedurende hierdie tydperk 9 555 km afgelê, waarvan 4 298 km vir besigheidsdoeleindes was. ’n Gedetailleerde ritboek is bygehou en is beskikbaar. | |
| ***3*** | ***Mediese skemabydraes***<br>Die maatskappy het die jaarlikse mediese skemabydraes vir Mo, Zenzi en twee volwasse kinders uit ’n vorige huwelik wat nog finansieel afhanklik van hom is, aan die Circle of Life Fund betaal. | 132 432 |
| ***4*** | ***Versekeringspremies***<br>Die maatskappy het lewensversekeringspremies op Mo se lewe betaal. Die polis sal die maatskappy vergoed vir kostes aangegaan om ’n plaasvervanger vir Mo te kry in die geval van sy afsterwe. | 36 480 |
| ***5*** | ***Voorsorgfondsbydrae***<br>Die maatskappy dra by tot ’n goedgekeurde voorsorgfonds as deel van sy direkteursvergoeding. Mo se saldo van ongeëiste bydraes wat na 1 Maart 2016 tot die voorsorgfonds gemaak is, het R23 333 beloop. | 351 733 |
| ***6*** | ***Ander***<br>Die maatskappy het die lone van Mo se huiswerkers betaal. Hierdie betalings word by die salarisse en lone van Mofasa ingesluit en vorm nie deel van sy direkteursvergoeding nie. | 102 600 |
| ***7*** | ***Ander inkomste ontvang***<br>Mo se enigste ander inkomste is rente ontvang vanaf Rock Bank. | 32 499 |


© SAIGR 2020

AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020

PROFESSIONELE VRAESTEL 3

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ŉ afsonderlike antwoordboek.**

<table>
<tr><th colspan="2" rowspan="2">DEEL I – VERLANG</th><th colspan="2">Punte</th></tr>
<tr><th>Sub-totaal</th><th>Totaal</th></tr>
<tr><td>(a)</td><td>Met verwysing na werkspapier WP102-1 (uitgesonder bylaag 1) –<br>(i) beskryf die risiko’s van wesenlike wanvoorstelling op die algehele finansiëlestaat-vlak wat TKG in ag behoort te neem tydens die beplanning van sy oudit vir FJ2019; en<br>(ii) verstrek, vir elke geïdentifiseerde risiko, ŉ toepaslike ouditrespons om die risiko aan te spreek. Gedetailleerde ouditprosedures word nie verlang nie.<br><br>Bied jou antwoord in tabelformaat aan.<br><br>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</td><td>7<br><br>7<br><br><br>1</td><td>15</td></tr>
<tr><td>(b)</td><td>Bespreek die risiko’s van wesenlike wanvoorstelling met betrekking tot die voorraadrekeningsaldo in die 2019 finansiële state van Mofasa, met verwysing na WP 102-1 (uitgesonder bylaag 1).</td><td>6</td><td>6</td></tr>
<tr><td>(c)</td><td>Bespreek die bedreigings, en identifiseer gepaste optrede wat TKG moet oorweeg om die bedreigings te temper, om te verseker dat sy vennote en personeel voldoen aan die SAIGR se Professionele Gedragskode, met verwysing na werkspapier WP 102-1 (uitgesonder bylaag 1).<br><br>Bied jou antwoord in tabelformaat aan.<br><br>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</td><td>13<br><br><br>1</td><td>14</td></tr>
<tr><td>(d)</td><td>Bespreek Zenzi se professionele optrede in ooreenstemming met die SAIGR se Professionele Gedragskode met verwysing na werkspapier WP 102-1 (uitgesonder bylaag 1).</td><td>6</td><td>6</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal vir deel I</td><td></td><td>41</td></tr>
</table>


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (e) | Beraam die uitwerking van die voorgestelde herstrukturering in bylaag 1 op die winsgewendheid van Mofasa in FJ2019. | 7 | 7 |
| (f) | Bespreek die kwessies wat die bestuur van Mofasa in ag moet neem wanneer die voorstel van Pride Oil geëvalueer word met verwysing na bylaag 1 en die uittreksel uit die bestuursrekeninge ingesluit in werkspapier WP 102-1.<br><br>*Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | 16<br><br>*1* | <br><br>17 |
| (g) | Met verwysing na bylaag 1 –<br>(i) bespreek die faktore wat Mofasa se direkteure in ag sou neem om te bepaal of die huur aan die einde van die eerste tien jaar hernu moet word of nie. Geen berekeninge word verlang nie;<br>(ii) bespreek die insette wat Lana sal gebruik om die vereiste huidige waarde te bepaal om die huur van die perseel ingevolge IFRS 16 *Leases* te verantwoord; en<br>(iii) berei die toepaslike joernaalinskrywings voor vir Mofasa om die huurooreenkoms vir FJ2020 op die onderstaande aannames te verantwoord:<br>• Die ooreenkoms word op die voorgestelde voorwaardes geïmplementeer;<br>• Die hernuwing van die huur is redelik seker; en<br>• Die huidige waarde van die minimum huurbetalings is op 1 Desember 2020 R83 920 955.<br>Ignoreer belasting; en<br>Ignoreer sluitingsinskrywings.<br><br>*Kommunikasievaardighede vir deel (g)(i) en (ii) – duidelike uitdrukkingswyse*<br>*Kommunikasievaardighede vir deel (g)(iii) – aanbieding* | 6<br><br>4<br><br>8<br><br>*1*<br>*1* | <br><br><br><br>20 |
| (h) | Bereken Mo se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2019 met verwysing na TWP 603-1.<br><br>Verstrek redes vir items wat nie by die berekening van belasbare inkomste ingesluit is nie. | 15 | 15 |
| **Totaal vir deel II** | | | **59** |
| **Totaal vir die vraag** | | | **100** |


© SAIGR 2020